# WATER BESPARINGS WENKE

## Spaar water in nywerhede, handelsektor en Skole

- Draai die water na-ure toe. Skole wat dit doen, het al tot R5000 ophul jaarlikse waterrekekening bespaar.
- Moenie tuinslange gebruik om opritte of plaveisel te was nie. Gebruik 'n besem en emmer.
- Kyk gereeld na loodgieterwerk vir enige lekkasies.
- Versien toilette se pyplaste en kleppe. Die spoelkop behoort net vir 2–4 sekondes spoel en urinale vir 6–8 sekondes.

## Spaar water in jou huis

- Draai krane toe en herstel lekkende krane – een druppel elke sekonde mors tot 30 ℓ per dag (10 000 per jaar).
- As jy moet bad, tap dit net effens vol of deel jou badwater.
- Draai krane toe wanneer jy tande borsel. Dit spaar 20 ℓ water.
- Draai krane toe wanneer jy skeer. Dit spaar 45 ℓ water.
- Moenie glasse en messegoed onder lopende water afspoel nie.
- Moenie groente onder lopende water afspoel nie. Gebruik 'n bak om dit te doen, dieselfde water kan in die tuin gebruik word.
- Maak seker dat water nie in jou toilet uitlek nie deur 'n paar druppels voedselkleursel

water affairs
Department:
Water Affairs
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Afr.indd 1 2010/01/07 11:59 AM

in die waterbak te drup - as die kleur in die bak uitlek, is daar 'n lekplek. 'n Toilet wat lek kan tot 30 ℓ water per uur mors!

- Was jou motor met twee emmers water. Dit kan 300 ℓ water spaar elke keer as jy jou kar was.
- Leer jou kinders hoe om water te spaar en doen water besparing oefeninge, byvoorbeeld leer hulle hoe om 'n meter te lees.

## Spaar water in jou tuin

- Lei jou tuin net voor 10:00 of na 16:00 nat.
- Vermy om jou tuin op winderige dae nat te lei, want water verdamp vinnig!
- Maak gebruik van grys water.  Dis water vanaf jou kombuis, badkamer wat hergebruik kan word in die tuin.
- Moenie jou gras of plante te veel natlei nie.
- Was jou motor op die gras die water sal terselfde tyd jou gras nat maak.
- Rappoteer alle krane en tuinslange ontmiddelik vir lekkasies.
- Versamel reënwater vir besproeing vanaf die waterbak in jou dak wat onder jou dakgeët geplaas is.
- As jy jou tuin minder gereeld, maar dieper (vir 'n langer tydperk) natlei, moedig jy in werklikheid 'n dieper wortelstelsel aan, wat sterker plante tot gevolg het. Dié gebruik kan van die meeste gevestigde plante, waterwyse plante maak.
- As jy gebruik maak van sprinkelaars maak seker dat jy plante nat maak en die plavleisel nie.

Afr.indd 2 2010/01/07 11:59 AM